Testpapers.co.za
Past exam papers
Summaries
Study Guides

# PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2024

# GRAAD 9

**EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE: FINANSIËLE GELETTERDHEID**

**(VRAESTEL 1)**

**TYD: 1 uur**

**PUNTE: 50**

**7 bladsye**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A, B en C (Finansiële Geletterdheids-onderwerpe) en is gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk volgens die KABV dokument en die 2023/24 JOP.

   **AFDELING A: KORTVRAE**

   | | | |
   |---|---|---|
   | VRAAG 1.1: | Pasitems | (5) |
   | VRAAG 1.2: | Kies die korrekte woord | (5) |
   | | | **[10]** |

   **AFDELING B: TEORIE, ONTLEDING VAN TRANSAKSIES, JOERNALE EN DEBITEUREGROOTBOEK**

   | | | |
   |---|---|---|
   | VRAAG 2: | Krediettransaksies – Teorie en Ontleding van Transaksies | (10) |
   | VRAAG 3: | Joernale en Debiteuregrootboek | (15) |
   | | | **[25]** |

   **AFDELING C: ALGEMENE GROOTBOEK EN PROEFBALANS**

   | | | |
   |---|---|---|
   | VRAAG 4: | Algemene Grootboek | (8) |
   | VRAAG 5: | Proefbalans | (7) |
   | | | **[15]** |

2. AL die vrae is verpligtend.

3. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDBOEK wat verskaf is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

1.1 **PASITEMS**

Kies ŉ term in KOLOM B wat ooreenstem met ŉ beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – G) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in jou ANTWOORDBOEK bv. 1.1.6 H.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Verkoop goedere teen ŉ hoër prys om ŉ wins te maak | A | Proefbalans |
| | | B | Uitgawes |
| 1.1.2 | Vir elke debietinskrywing moet daar ŉ gelyke en ooreenstemmende kredietinskrywing wees. | C | Kredietverkope |
| 1.1.3 | Inskrywings uit hierdie kolom word na die algemene grootboek oorgeboek op die datum waarop die transaksie plaasgevind het. | D | Handels-onderneming |
| | | E | Ontleding van ontvangste |
| 1.1.4 | Verminder eienaarsbelang aan die debietkant | | |
| 1.1.5 | Betaling vir goedere verkoop sal op ŉ later stadium ontvang word. | F | Diverse rekenige |
| | | G | Dubbelinskrywings-beginsel |

(5 x 1) **(5)**

1.2 **KIES DIE KORREKTE WOORD**

Kies die korrekte woord/term tussen hakies. Skryf slegs die korrekte woord langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in jou ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.2.6 kwitansie.

1.2.1 ŉ (Oortrokke bankrekening/Verbandlening) word as ŉ nie-bedryfslas geklassifiseer. (1)

1.2.2 Die (bankstaat/EFO) is ŉ brondokument wat in beide die KOJ en KBJ gebruik kan word. (1)

1.2.3 (Voorraad/Verbruiksgoedere) wat gekoop is, sal in die Handelsvoorraad-kolom aangeteken word. (1)

1.2.4 (Bates/Uitgawes) word in die Balansstaatrekeninge-afdeling aangeteken. (1)

1.2.5 Die (kredietlimiet/kredietrekord) dui die maksimum bedrag aan wat ŉ debiteur aan die besigheid verskuldig kan wees. (1)

**(5)**

**TOTAAL AFDELING A: 10**

## AFDELING B: TEORIE, REKENINGKUNDIGE VERGELYKING EN JOERNALE

### VRAAG 2: KREDIETTRANSAKSIES – TEORIE EN ONTLEDING VAN TRANSAKSIES

Die faktuur hieronder verwys na ŉ kredietverkooptransaksie waar die besigheid goedere verkoop het teen ŉ winsopslag van 60%.

Bestudeer die brondokument en beantwoord die vrae wat volg.

**FAKTUUR**

**FAK NO: 31**

**AAN: G Smith**
**Proteastraat 10**
**Pretoria**
**1050**

**Cricketlaan 44**
**Johannesburg**
**1000**

**Datum:15 April 2024**

**SA SPORTWINKEL**

| **Hoeveelheid** | | **Prys per eenheid** | **Bedrag R** |
|---|---|---|---|
| 20 | T-hemde | R240 | 4 800 |
| 50 | Hoede | R56 | 2 800 |
| 2 | Vlae | R448 | 896 |
| | | TOTAAL | 8 496 |

**Terme: 30 dae**

**Spesiale instruksies: Geen** **F&WU**

2.1 Identifiseer die debiteur in die bogenoemde transaksie. (1)

2.2 Noem die wet wat beide die besigheid en die verbruiker in die bogenoemde transaksie beskerm. (1)

2.3 Stel EEN praktyk voor wat die besigheid kan gebruik om die debiteur betyds te laat betaal. (2)

2.4 Ontleed die transaksie in die brondokument hierbo en toon die effek aan wat dit op die rekeningkundige vergelyking het.
(Volg die voorbeeld en kolomme soos uiteengesit in die tabel in die ANTWOORDBOEK). (6)

**[10]**

**VRAAG 3: JOERNALE EN DEBITEUREGROOTBOEK**

R. Dahl is die eienaar van Dahl Boekwinkels. Hy koop en verkoop gepubliseerde boeke. Die besigheid gebruik gewoonlik ŉ winsopslag van:

- 75% op kontantverkooptransaksies en
- 100% op kredietverkooptransaksies

**VEREISTE:**

3.1 Gebruik die inligting hieronder om die transaksies vir Dahl Boekwinkels in die volgende joernale en grootboek vir die maand geëindig Mei 2024 aan te teken.

***MOENIE die joernale aan die einde van die maand afsluit NIE.***

3.1.1 Kontantontvangstejoernaal (4)

3.1.2 Kontantbetalingsjoernaal (4)

3.1.3 Debiteurejoernaal (3)

3.1.4 Debiteuregrootboek – Wys slegs hoe die transaksie gedateer die 27ste in die Debiteuregrootboekrekening van E. Blyton aangeteken sal word. (2)

3.2 Die besigheid het nie sy beoogde winsopslag van 75% behaal vir die transaksie gedateer die 11de nie.

Toon ŉ berekening om dit te regverdig. (2)

**TRANSAKSIES**
**Mei 2024**

3 Verwerk EFT 132 vir R6 100 as betaling aan Goosebump Handelaars. R5 400 was vir handelsvoorraad en die balans was vir drukkerpapier.

11 Kontantverkope van handelsvoorraad volgens die kasregisterrol, R7 000 (Kosprys R4 375).

15 Faktuur nr. 39 is aan E. Blyton uitgereik vir goedere wat vir R2 600 op krediet aan hom verkoop is.

20 ŉ Aftrekorder van R3 200 word op die bankstaat aangedui as die maandelikse salarisbetaling van die boekhouer, J. Rowling.

27 E. Blyton het 30% van die bedrag betaal vir die transaksie gedateer die 15de. Kwitansie nr. 24 is uitgereik. **[15]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: ALGEMENE GROOTBOEK EN PROEFBALANS

### VRAAG 4: ALGEMENE GROOTBOEK

Die volgende rekords is op 31 Maart 2024 uit die boeke van NEF Groothandelaars geneem.

**VEREISTES:**

Gebruik die inligting hieronder om die volgende Algemene Grootboekrekeninge vir die maand geëindig 31 Maart 2024 te voltooi.

4.1 Bank (Balans aangedui in die Bankrekening) (4)

4.2 Koste van verkope (4)

**Kolom totale in die hulpjoernale van NEF Groothandelaars op 31 Maart 2024.**

**Kontantontontvangstejoernaal van NEF Groothandelaars – Maart 2024 KOJ 1**

| Bank | Verkope | Koste van verkope | Debiteurekontrole | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|
| **?** | 79 857 | 27 760 | 11 780 | 60 000 |

**Kontantbetalingsjoernaal van NEF Groothandelaars – Maart 2024 KBJ 1**

| Bank | Handelsvoorraad | Skryfbehoeftes | Lone | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|
| 127 882 | 58 890 | 11 316 | 21 560 | 36 116 |

**Debiteurejoernaal NEF Groothandelaars – Maart 2024 DJ1**

| Verkope | Koste van Verkope |
|---|---|
| 45 780 | 13 941 |

**[8]**

**VRAAG 5: PROEFBALANS**

Die volgende Proefbalans is uit die boeke van Savoy Handelaars geneem.
Die boekhouer het siek geword en die eienaar, Joy Savoy, sukkel om die proefbalans vir die maand, Februarie 2024 te voltooi.

**VEREISTES:**

5.1 Gebruik die bykomende inligting wat hieronder verskaf is om jou te help om die Proefbalans vir Savoy Handelaars vir die maand geëindig Februarie 2024 te voltooi.

**INLIGTING**

**Proefbalans van Savoy Handelaars vir Februarie 2024**

| | Fol. | Debiet | Krediet |
|---|---|---|---|
| **BALANSSTAAT REKENING AFDELING** | | | |
| Kapitaal | B1 | | |
| | B2 | | |
| Voertuie | B3 | 75 000 | |
| Handelsvoorraad | B4 | 27 500 | |
| Debiteurekontrole | B5 | 15 250 | |
| Bank | B6 | 55 975 | |
| | | | |
| **NOMINALE REKENINGE AFDELING** | | | |
| Verkope | N1 | | |
| Koste van verkope | N2 | 75 000 | |
| Huurinkomste | N3 | | 36 000 |
| Lone | N4 | 15 000 | |
| Diverse uitgawes | N5 | 2 050 | |
| | | | |

**Bykomende Inligting:**

- Die eienaar se kapitaalbydrae aan die begin van Februarie was R120 000. Sy het haar kapitaalbydrae tot R140 000 verhoog.
- Tot op hede het die eienaar R8 000 kontant vir persoonlike gebruik geneem.
- Die besigheid gebruik ŉ winsopslag van 33⅓ % op alle verkoopstransaksies.
- ŉ Bedrag van R2 200 vir Skryfbehoeftes is by die Diverse uitgawes uitgesluit. **[7]**

**TOTAAL AFDELING C: 15**

**TOTAAL: 50**

**EINDE**